higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N270**(A)**(N30)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE-EN-BESTUURSREKENINGKUNDE N5

(4010185)

**30 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n antwoordboek van 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE-EN-BESTUURSREKENINGKUNDE N5
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

| VRAAGNOMMER | PUNTE |
|---|---|
| **AFDELING A** | |
| 1 | 60 |
| **TOTAAL** | **60** |
| **AFDELING B** | |
| 2 | 30 |
| 3 | 50 |
| 4 | 45 |
| 5 | 15 |
| **TOTAAL** | **140** |
| **GROOTTOTAAL** | **200** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die volgende is 'n kenmerk van 'n vaste koste:

A Dit bly konstant in totaal, ongeag die aantal eenhede geproduseer.
B Dit verlaag per eenheid wanneer die produksievolume styg.
C Huur betaal vir die fabrieksgebou is 'n voorbeeld van 'n vaste bokoste.
D Dit bly konstant per eenheid, ongeag 'n verandering in die produksievolume.

1.1.2 … is 'n voorbeeld van 'n koste-item wat deel van produksiebokoste vorm.

A Elektrisiteit van fabriek
B Indirekte materiaal
C Salaris van fabrieksbestuurder
D Lone van produksiewerkers

1.1.3 'n Totale vaste koste van R157 500 is betaal om 21 000 eenhede te produseer.

… sou betaal word indien 30 000 eenhede geproduseer is.

A R225 000 in totaal
B R157 500 in totaal
C R5,25 per eenheid
D Nie een van bogenoemde nie

1.1.4 Vervaardigingsbokoste sluit in die salaris wat betaal word aan die …

A persoon wat die finale produkte inspekteer.
B fabrieksbestuurder.
C persoon wat grondstowwe in die fabriek ontvang.
D persoon wat die finale produkte verkoop.

1.1.5 Primakoste bestaan uit …

A direkte materiaal.
B vervaardigingsbokoste.
C direkte arbeid.
D Nie een van bogenoemde nie

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 'n Koste wat sowel veranderlike- as vastekoste-elemente bevat, staan bekend as ... koste.

A gemengde
B omset-
C halfvaste
D halfveranderlike

1.1.7 Eiendomsbelasting wat aan die dorpsraad betaal word, word as ... -koste beskou.

A prima
B produksie
C tydperk
D proses

1.1.8 Booster Manufacturers is versoek om 'n tafel volgens 'n klant se spesifikasies te maak. Die kostebepaling hiervoor staan bekend as ... -kostebepaling.

A taak
B proses
C prima
D produk

1.1.9 Die inkomstestaat word gebruik om die ... te bereken.

A netto wins vir die jaar
B produksiekoste vir die jaar
C totale verkope vir die jaar
D aanwending van kapitaal vir die jaar

1.1.10 Die grootte van bergingsfasiliteite word bepaal deur die ... te bereken.

A ekonomiese bestelhoeveelheid.
B maksimum voorraad
C bestelpunt.
D bestelgrootte.

1.1.11 Die salaris wat aan die ontvangsdame betaal word, staan bekend as ...

A administrasiekoste.
B gesonke koste.
C vervaardigingsbokoste.
D tydkoste(termynkoste).

Kopiereg voorbehou 

1.1.12 Joe Cool word volgens die stukwerktarief-stelsel betaal en sy loon word soos volg bereken:

A Eenhede geproduseer x tarief per eenheid
B Eenhede geproduseer x tarief per uur
C Ure gewerk x tarief per uur
D Ure gewerk x tarief per eenheid

1.1.13 Een van die produksie-elemente is …

A vervaardigingsbokoste.
B direkte arbeidskoste.
C proseskoste.
D A en B

1.1.14 'n Voordeel van die deurlopende voorraadwaardasiestelsel is dat …

A geen deurlopende voorraadrekords gehou word nie.
B voorraadsaldo's altyd beskikbaar is.
C voorraad getel en teen kosprys waardeer word.
D 'n periodieke fisiese voorraadopnames gedoen word.

1.1.15 Die brondokument wat by die aankoop van materiaal gebruik word, is 'n ...

A kredienota.
B faktuur.
C debietnota.
D voorraadkaart.

1.1.16 Watter een is NIE 'n menslike faktor wat arbeidsproduktiwiteit kan beïnvloed nie?

A Die werk is fisies te veeleisend vir die werker.
B Weerstoestande en hoë humiditeit in die fabriek.
C Die vereiste produktiwiteitsvlakke is te hoog vasgestel.
D Die werkers het nie behoorlike opleiding ontvang nie.

1.1.17 Beplanning behels die volgende prosedure:

A Beskryf die stappe wat gedoen moet word om die onderneming te help om sy doelstellings te bereik
B Die ontwikkeling van doelwitte in 'n organisasie
C Vergelyk die werklike prestasie met die oorspronklike planne
D Voorbereiding van begrotings om doelwitte te bereik

Kopiereg voorbehou 

1.1.18 Daar is net drie tipes koste wat 'n belangrike rol in voorraadbeheer van materiaal speel. Watter een van die volgende is NIE so 'n koste nie?

A Uitvoorraadkoste
B Koste om voorraad te hou
C Koste om die bestelling te plaas
D Koste om 'n pakkamer te huur

1.1.19 'n Betaalstaat word opgestel om rekord te hou van die …

A werklike tyd wat aan 'n bepaalde taak spandeer is.
B werklike koste van 'n bepaalde taak.
C tyd wat op die klokkaart opgeteken is.
D vergoeding van werkers.

1.1.20 Die produksieverslag word opgestel om ... te beheer.

A vervaardigingskoste
B arbeidskoste
C verlore tyd weens verskeie redes
D produktiwiteit van werkers

(20 × 2) (40)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Organisering beteken om die verskillende hulpbronne van 'n onderneming op so 'n manier te kombineer dat die sakeplanne effektief uitgevoer word.

1.2.2 'n Organisasieskema (organogram) toon die firma se vergoeding-struktuur, en dui elke werknemer se salariskerf en posvlak in die organisasie aan.

1.2.3 Kostestelsels is die metodes wat sakeondernemings gebruik om al die inligting in verband met die koste van 'n produk of diens te versamel, verwerk en evalueer.

1.2.4 Voorbeelde van verbruiksvoorraad is goed soos skoonmaak-materiaal, brandstof en noodhulpmateriaal.

1.2.5 Tersaaklike/relevante koste is koste wat geskep is deur 'n besluit wat in die verlede geneem is, en wat nie verander kan word deur 'n besluit wat in die toekoms geneem word nie.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.3 Omskryf die volgende begrippe:

1.3.1 Eenheidskoste

1.3.2 Onderverhaalde bokoste

1.3.3 Vervaardigingsbokoste

1.3.4 Geleentheidsbokoste

1.3.5 Betaalstaat

(5 × 2) (10)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 Northern Producers het die volgende transaksies ten aansien van 'n bepaalde voorraaditem aangegaan. Hulle gebruik die geweegde-gemiddeldemetode van voorraadwaardasie.

Jy het die volgende onvolledige voorraadgrootboekkaart ontvang, wat jy moet voltooi.(ALLE waardes moet na TWEE desimale plekke afgerond word.)

**VERLANG**

Bereken die ontbrekende waardes deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

| **DA-TUM** | **ONTVANGSTE** | | | **UITREIKINGS** | | | **BALANS** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **EEN-HEDE** | **PRYS** | **TO-TAAL** | **EEN-HEDE** | **PRYS** | **TO-TAAL** | **EEN-HEDE** | **PRYS** | **TO-TAAL** |
| | | R | R | | R | R | | R | R |
| 1 Mei | | | | | | | 50 | 5,00 | 250 |
| 3 Mei | | | | 20 | **2.1.1** | **2.1.2** | | | **2.1.3** |
| 4 Mei | 80 | 6,00 | **2.1.4** | | | | **2.1.5** | **2.1.6** | **2.1.7** |
| 5 Mei | | | | 20 | **2.1.8** | **2.1.9** | **2.1.10** | **2.1.11** | **2.1.12** |
| 6 Mei | | | | 30 | **2.1.13** | **2.1.14** | **2.1.15** | **2.1.16** | **2.1.17** |
| 7 Mei | (10) | 6,00 | **2.1.18** | | | | (50) | **2.1.19** | **2.1.20** |

(20)

2.2 Northern Producers vervaardig ook tennisballe. Hulle het jou van die volgende inligting met betrekking tot die vorige finansiële jaar voorsien:

| BESKRYWING | MAKSIMUM | MINIMUM |
|---|---|---|
| Jaarlikse gebruik van materiaal | 140 000 m | 120 000 m |
| Afleweringstyd vir materiaal | 4 weke | 2 weke |

Die koste om 'n bestelling te plaas, is R185 en die koste om een eenheid materiaal 'n jaar lank te berg, is R1 800.

Die fabriek werk vir 40 weke per jaar.

**VERLANG**

Bereken die maksimum voorraad waarvoor vir berging voorsiening gemaak moet word. (10)
**[30]**

**VRAAG 3**

3.1 Die volgende inligting is aan jou as die koste-en-bestuursrekenmeester van Rooihuis Bakeries Bpk verskaf.

**PRODUKSIEKOSTE VIR AUGUSTUS 2017**

| | |
|---|---|
| Voorraad (1 Augustus 2017) | R9 000 |
| Aankope | R103 000 |
| Voorraad (31 Augustus 2017) | R15 000 |
| Direkte arbeid | R190 000 |
| Huur vir bakkery | R15 000 |
| Versekering | R20 000 |
| Depresiasie van bakkerytoerusting | R9 000 |
| Skoonmaakmiddels | R7 000 |
| Verpakkingsmateriaal | R11 000 |
| Indirekte arbeid | R30 000 |

Rooihuis het gedurende Augustus 2017 94 750 brode vervaardig.

**VERLANG**

Bereken die volgende en toon AL die stappe in jou berekenings:

3.1.1 Direkte materiaal gebruik (5)

3.1.2 Primêre/Primakoste vir die maand (4)

3.1.3 Vaste bokoste vir die maand (5)

3.1.4 Totale produksiekoste vir die maand (7)

3.1.5 Koste van een brood (4)

3.2 Die volgende verskyn in die boeke van Chetty Manufacturers op 31 Desember 2017:

| | |
|---|---|
| Netto wins | R55 000 |
| Handelsvoorraad | 95 000 |
| Krediteurekontrole | 15 800 |
| Kleinkas | 1 800 |
| Debiteurekontrole | 17 500 |
| Bank | 3 900(Cr) |
| Grond en geboue | 175 000 |
| Toerusting | R55 000 |
| Voertuie | 70 000 |
| Onttrekkings | 9 600 |
| Kapitaal | 349 200 |

**VERLANG**

Stel 'n Balansstaat op vir Chetty Manufacturers op 31 Desember. (25)
**[50]**

## VRAAG 4

Die volgende verskyn in die boeke van Veronica Manufacturers:

**SALDO OP 30 APRIL 2017**

| | |
|---|---|
| Grondstowwe | R24 080 |
| Onvoltooide werk/werk in proses | 9 240 |
| Voltooide goedere | 21 560 |

**OPSOMMING VAN TRANSAKSIES VIR DIE MAAND GEëINDIG 30 APRIL 2017**

| | |
|---|---|
| Kontantaankope van grondstowwe | 189 280 |
| Vraggeld Carriage op aankope kontant betaal | 31 360 |
| Grondstowwe uitgereik vir verwerking | 191 240 |
| Arbeid: Direk | 208 880 |
| Arbeid: Indirek | 37 520 |
| Huur vir fabriek | 71 120 |
| Verskering vir fabriek | 5 880 |
| Instandhouding van aanleg | 41 160 |
| Depresiasie op aanleg | 14 560 |
| Koste van verkope van voltooide goedere | 580 160 |
| Verkope (voltooide goedere verkoop) | 874 944 |
| Saldo van onvoltooide goedere op 30 April 2017 | 13 664 |

Kopiereg voorbehou 

Bokoste word toegewys teen 80% van direkte arbeidskoste.

**VERLANG**

Stel die volgende grootboekrekeninge op:

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Grondstowwe | (7) |
| 4.2 | Arbeidskontrole | (5) |
| 4.3 | Vervaardigingsbokoste-kontrole | (10) |
| 4.4 | Produksiekontrole | (8) |
| 4.5 | Voltooide goedere | (6) |
| 4.6 | Koste van verkope | (4) |
| 4.7 | Handelsrekening | (5) |
| | | **[45]** |

**VRAAG 5**

Die volgende inligting vir Taak 5 is onttrek uit die rekords van Shell Bpk vir die maand geëindig 30 November 2017.

Inligting rakende Taak 5:

| | |
|---|---|
| Aantal werknemers | 3 werknemers |
| Begrote arbeidsure | 8 uur per dag |
| Aantal dae | 20 werksdae |
| Begrote produksie | 100 stoele |
| Werklike produksie | 120 stoele |

Die volgende ure is gedurende November 2017 geklok:

| | |
|---|---|
| L. Shepard | 21 dae @ 8 uur |
| Z. Ngcobo | 21 dae @ 8 uur |

**VERLANG**

Stel 'n produksieverslag op waarin jy die opgetekende produktiwiteit aantoon. **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 140**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou